20. Groei en bedreiging

Handelinge 3 tot Handelinge 5

Christus bewaar sy kerk te midde van aanvegtinge van Satan

Die eerste gemeente is kerk van Christus te midde van teenkanting van die wêreld. Die Here sorg dat juis deur moeilike omstandighede groei en uitbreiding plaasvind. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende:

- Deur die wonders roep God die mens tot bekering.
- Die Heilige Gees skenk aan die mens die vrymoedigheid om die evangelie te verkondig.
- Om 'n "skyn" - Christen te wees is 'n sonde teen die Heilige Gees.

Die eerste apostoliese wonder

Van al die wonders en tekens wat plaasgevind het, vertel Lukas van net een in besonderhede. Op die uur van die aandoffer, drie uur die middag, gaan Petrus en Johannes na die tempel. By die Skone Poort vind hulle 'n kreupel bedelaar. Die man was vanaf sy geboorte kreupel en is deur vriende of familie na die poort gedra sodat hy van die verbygangers kon bedel.

Toe Petrus en Johannes by die poort wil ingaan, vra die kreupel man hulle vir 'n aalmoes. Die apostels gaan staan en sien die man se swaarkry. Petrus sê vir hom: "Kyk na ons." Die bedelaar het vol verwagting sy oë op hulle gerig gehou.

Toe sê Petrus: "Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasarener, staan op en loop!" Petrus gryp hom toe aan sy regterhand en trek hom op. Onmiddelik het sy enkels en voete sterk geword en hy het opgespring en rondgeloop. Hy gaan saam met Petrus en Johannes die tempel in, terwyl hy God dank en prys.

Petrus se toespraak

Almal daar het die kreupel man geken en hulle was vol verwondering oor wat met hom gebeur het. Dit gee Petrus die geleentheid om die evangelie aan die skare te verkondig. Hy wys hulle daarop dat dit die werk is van

die Almagtige God wat sy Seun Jesus Christus deur hierdie wonder wil verheerlik. Dit is nie hy, Petrus, wat die wonder in eie krag gedoen het nie, maar hy het dit gedoen in die Naam van Jesus Christus. Hulle het Jesus doodgemaak, maar God toon nou dat Hy lewe, want dit is deur sy Naam dat die kreupel man genees is.

Petrus is ook toegeeflik. Hy sê dat die Jode, en ook hulle owerstes, sonder dat hulle dit geweet het hierdie dinge gedoen het en juis só die profesie aangaande die lyding van Christus vervul het. Maar nou is daar geleentheid vir bekering. Die beloftes wat God aan Abraham en sy nageslag gegee het, word in Jesus vervul[149]. Die afstammelinge van Abraham, die Jode, ontvang eerste die geleentheid om die seën deelagtig te word deur hulle te bekeer van hul sonde.

Petrus en Johannes voor die Sanhedrin

Die priesters en die hoofman van die tempelwag en die Sadduseërs was ontevrede oor die groot toeloop van mense ná die genesing van die kreupel man. Veral die Sadduseërs het hulle vererg daaroor dat Petrus die opstanding uit die dode verkondig het. Hulle het nie aan die opstanding geglo nie. Hulle was oortuig dat hulle nooit weer die naam Jesus sou hoor nie, en nou moet hulle hoor dat die wonderwerk in sy Naam geskied het! Hulle wil dadelik teen die apostels opgetree.

Hulle arresteer die apostels en aangesien dit al laat is, sit hulle Petrus en Johannes in die gevangenis tot die volgende dag.

Daardie aand, terwyl die apostels in die tronk sit het, word die vrug van Petrus se prediking in die pilaargang van die tempel duidelik. Baie mense luister na die woord en kom tot geloof en woon die byeenkomste van die gelowiges daardie aand by. Die gemeentes se getal lidmate vermeerder tot ongeveer 5 000.

Die apostels voor die Joodse Raad

Die volgende dag is hulle voor die Joodse Raad gebring. Die Raad het bestaan uit owerpriesters, ouderlinge en skrifgeleerdes. Selfs die hoëpriester Kajafas en sy familielede was teenwoordig. Hierdie Raad maak 'n geweldige indruk op die twee apostels uit die gewone volk en ook op die skare.

---

149 Gen. 18: 18 terwyl Abraham tog sekerlik 'n groot en magtige nasie sal word en al die nasies van die aarde in hom geseën sal word?

Met groot waardigheid word aan die apostels gevra: “Deur watter naam het julle dit gedoen?” Indien hulle antwoord “uit onsself”, sou hulle vrygelaat word. Dit sou die maklikste uitweg wees. Maar Petrus getuig dat hy die wonder in die naam van Jesus verrig het. Hy was bewus van die feit dat die naam van Jesus hulle met afsku vervul het. Hy sê dat Jesus wat uit die dode opgewek is, die kreupel man gesond gemaak het. Hy wys daarop dat die steen wat deur hulle, die bouers, verag is, nou ’n hoeksteen geword het soos dit in die Psalms voorspel is[150].

Die Joodse Raad kom met dreigemente

Vir ’n oomblik is die Joodse Raad uit die veld geslaan. Hulle verwag nie dat Petrus en Johannes met soveel vrymoedigheid sal optree nie, omdat hulle maar ongeleerde en eenvoudige mense is. Dit is die werk van die Heilige Gees. Die Raad moet iets doen om te keer dat sy gesag en aansien ondermyn word.

Petrus word gelas om die raadsaal te verlaat sodat hulle eers met mekaar kan beraadslaag. Dit sal te gevaarlik wees om drastiese stappe teen die apostels te doen, want hulle is in die guns by die hele volk. Nou moet slim en diplomaties opgetree word! Die apostels word teruggeroep en verbied om in die Naam van Jesus iets te onderrig.

Petrus en Johannes keer terug na hulle eie mense en vertel hulle alles wat die owerpriesters en ouderlinge gesê en beveel het. Soos Aäron en Hur eenmaal Moses se arms ondersteun het, ondersteun die skare die twee diensknegte van die Here. Hulle smeek die Here om aan hulle die vrymoedigheid te gee om die evangelie te verkondig.

Hierdie bede word verhoor. Almal daar is vervul met die Heilige Gees. Dit is ’n treffende bewys dat die Here nie alleen vir sy volk sorg nie, maar ook verhoed dat die uitbreiding van sy koninkryk gestuit word. Die dreigement teenoor Petrus en Johannes het sekerlik die gemeente nog nader aanmekaar gebring. Die woorde wat Jesus in Mattheus 10 uitgespreek het, moes in vervulling gaan. Hy het nie gekom om vrede op aarde te bring nie, maar die swaard[151].

Vrywillige gemeenskap van goedere

150 Ps. 118: 22 Die steen wat die bouers verwerp het, het ’n hoeksteen geword.
151 Matt. 10: 34 Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.

Die eerste lidmate van die Christelike Kerk het soos 'n groot familie in liefde saamgewerk. Onder hulle was vermoëndes maar ook behoeftiges[152]. Hierdie armes was 'n uitdaging vir die rykes om uit hulle oorvloed mededeelsaam te wees. Hierdie eerste Christene beskou gemeentlike samelewing as baie belangrik. 'n Sekere Barnabas verkoop 'n stuk grond en lê die geld aan die voete van die apostels neer. Van hierdie loflike daad is geen ophef gemaak nie.

Ananias, waarskynlik 'n lidmaat, verkoop 'n eiendom verkoop en met die medewete van sy vrou Saffira, hou hy 'n deel van die prys agter en oorhandig die res aan die apostels. Petrus vra Ananias waarom hy 'n deel van die prys van die grond agtergehou het. Dit was tog sy eiendom en daarom kon hy met die geld maak wat hy wou? Ananias sê niks, maar gee voor dat die bedrag geld wat hy offer die hele opbrengs is. Petrus sê dat hy vir God, die Heilige Gees gelieg het. By die aanhoor van hierdie woorde val Ananias dood neer.

Drie uur later bevestig Saffira aan Petrus dat die grond verkoop is vir die volle bedrag wat aan die apostels oorhandig is. Ook sy sterf aan die voete van die apostels.

Die sonde van Ananias en Saffira

Ananias het met die medewete van sy vrou 'n deel van die geld waarvoor die eiendom verkoop is, agtergehou. Later bevestig Saffira dit. Hulle het dus vooraf die saak bespreek. Ananias het niks gesê nie, maar die feit dat hy voorgee dat al die geld aan die apostels oorhandig is, laat dit lyk of hulle deur die mense bewonder wou word. Om 'n valse skyn te wek, is ook 'n leuen. Die optrede en leuen van Ananias en Saffira bewys die feit dat hulle nie die ware Christelike liefde wat beskryf word in Handelinge 4: 32 - 37 besit het nie.

Ananias en Saffira se oortreding was in die eerste plek nie teen die mens of die kerk nie, maar teen die Heilige Gees. Die ontsettende straf wat hierdie twee mense tref, mag vir ons buitengewoon streng lyk, maar God wil aan die jong gemeente wys hoe gevaarlik die sonde is. Hulle het nie na die leiding van die Heilige Gees geluister nie. Ananias en Saffira het die werking van die Heilige Gees nagemaak en moedswillig die apostels probeer verlei. Dit is 'n sonde wat nie vergewe sal word nie[153].

Die gemeente is verskrik wanneer hulle hierdie straf van Ananias en Saffira sien. Die straf het mense egter nie afgeskrik nie en nuwe gelowiges sluit

---

152 Joh. 12: 8 Want die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie.

153 Matt. 12: 32 En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomende nie.

gedurig by die gemeente aan. Die inwoners van die stede in die omtrek en in Jerusalem het ook hulle siekes gebring sodat die apostels hulle kan gesond maak.

God is streng maar ook genadig. Hy het geen behae in die dood van die sondaar nie, maar wil dat die sondaar sal lewe[154]. Ananias en Saffira se straf is nie 'n straf van wraak nie, maar 'n vermanende en reddende straf. Kort na hierdie gebeurtenis moet die apostels na buite optree om die kerk teen die vervolging van die Joodse Raad te lei. Daarom moes die gemeente van binne gesuiwer wees van geveinsdheid en oneerlikheid.

Aanbevole leesstukke:

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Nieuwe Testament deel II. Kampen: J.H.Kok. 403 - 414 p.

GROENEWALD, E.P. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 421 - 428 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 706 - 713 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron: Nieuwe Testament deel II. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 617 - 635 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 4: Mattheus - Openbaring. Pretoria: Sola Scriptura Instituut. 96 - 98 p.

154 Ester 18: 23 Het Ek dan miskien 'n behae in die dood van die goddelose? spreek die Here HERE. Nie liewer daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie?